

# PRETORIA AS 'URBS QUADRATA'

Gerrit J. Jordaan

## 1. UNIVERSELE, KULTURELE EN KONTEKSTUELE ASPEKTE VAN PLEK

Universelle aspekte van plek verwys na die beginsels wat in alle plekmaaksituasies konstant bly. Sentrums, skakels, domeine, grense en simboliese plasings kom in alle geslaagde plekstrukture voor. Dewar en Uytendyke (1977 : 145) het dit soos volg gestel "...successful urban environments have a timeless quality when they are able to withstand the changes brought about by time, since they satisfy fundamental human requirements." Hierdie plekke dien as modelle vir toekomstige geslagte, maar kan nie toegepas word sonder dat die beginsels wat hulle skep verstaan word nie. (fig.1)

Die kulturele aspekte van plek is die gevolg van die keuses wat deur die spesifieke kultuur gemaak word. Die keusemodel, soos deur Rapoport (1979) gedefinieer, is 'n stel reëls of 'regte keuses' wat die kultuur toelaat om gemaak te word. Hierdie keuses word gemaak ten opsigte van plasing, geometrie, simbole ens. Die gebruik van ruimtes, die betekenis sowel as die waarneming van die ruimtes sal die keuses van die bepaalde kultuur beïnvloed wat dan die kulturele landskap skep.

Konteks sal die plasing van die plekmaakbeginsels verder wysig. Dit vind plaas as gevolg van die klimaat, topografie, natuurlike plekstruktur, ens. (Mills, 1982). Konteks word deur die natuur en die kultuur geskep. Die respons ten opsigte van die gegevens van die omstandighede verseker die eenmalighed van 'n bepaalde plek. Plekke wat as tydloos geken word, is gewoonlik sondanig dat al drie aspekte (universel, kultureel en kontekstueel) aangespreek en geslaagd verenig is. Dit is nie moonlik om tydlose plekke doelbewus te skep nie maar, indien die bogenoemde aspekte aangespreek word, kan

plekke deur die kennis van die beginsels, sensiwiteit teenoor die konteks en die spesifieke kultuur se gebruik van ruimte, geskyp word.

## 2. UNIVERSALE STADSMODEL EN KOSMIËSE ASPEKTE VAN PRETORIA

Die fisiese en ruimtelike manifestasie van 'n plek is die afbeelding van die stadsmodel of stadsbeeld wat deur die spesifieke kultuur aanvaar word as 'n ideale plek. Hierop word spesifieke stadsordes en strukturerende beginsels deur die kultuur gebruik wat tot gevolg het dat 'n plek in 'n bepaalde identiteit het. (fig.2)




Figuur 2

Stadsmodelle verteenwoordig ideale om na te streef en hulle bepaal hoe stedeervaar word. Hoe dit vòòrkom en hoe dit toegepas word verskil van kultuur maar volgens Tuan (1974) blyk dit dat die model gevind is op twee pole nl. die paradys en die kosmos. Die idee van sentrum en periferie is deur Tuan as universeel tot alle kulture bestempel. Die kruis, ruit en mandala is minstens sedert 6000 jaar voor Christus as stadsbeeld bekend (Müller 1961 : 179). (fig. 3 en 4)

Die basiese nedersettingsorde vorm slegs die grondslag en struktuur vir die skep van 'n leefbare stad. Die *ideale stad* soos deur die eue voorgestel is 'n statiese toestand en 'n geometries eenvoudige opset maar in die goeie stad bestaan daar 'n konstante kompleks ekologie wat verandering toelaat terwyl die struktuur voorleef. Die straatpatroon is die belangrikste element in stadsform as gevolg van die funksionele asewel as visuele betekenis in die stadsorde. Dit is duidelik dat die straatpatroon nie net die stadsorde bepaal nie maar ook die resultante ruimtelike uitleg en die manier waarop aktiwiteite in die stad versprei is. Die ruit is 'n besondere stadsorde wat in 'n groot mate in die vorige eeu in Suid-Afrika gedurende die nedersettingsfaase aangevind is. (fig.5)

In Pretoria se stadsorde is menige van die bogenoemde universelle stadsmodelbeginsels toegepas. Daar is ook sekere kosmiese aspekte van belang :



Figuur 1

Kerkplein as simboliese sentrum van die stad word deur middel van die Kerkstraat-Paul Krugerstraatkruis met die landskap verbind deur die poorte en rivierkruisings. Hierdie kruis en sentrum verwyss na die mandala as die primêre kosmiese ordeningsbeginsel en koppel die vier windrichtings met die hart van die stad (waar die Kerk gestaan het). Die fontein van die Apiesrivier vloeit uit die ooste vanstad na die weste en die Heldakker. Die rivier volg dus die beweging van die son : sonopkom as gebore en sonsondergang as simbolisering van die dood. Staatsbegrafenis volg die seremoniële roete van die Uniegebou na die Heldakker. Dit simboliseer die beweging van lewe na die ondergaande son en die orgaan van die finale rivier. Op die rante staan die forte van Pretoria wat verband hou met die manlike rol van die soldaat. Die rante is konstant en dit verwyss na die manlike stabilitet terwyl die riviere sag, vloewend en veranderlik verwyss na die vrou as emosionele ondersteuner wat voed en versorg. Die feit dat Paul Krugerstraat direk op die rif tussen die twee riviere loop het die praktiese voordeel gehad dat die leivore die straat volg en dan na die riviere gevloei het. Die feit dat die kerk op die kruising gebou was voordat die stad uit-

## SUMMARY



*Placemaking in Pretoria is considered under universal, cultural and contextual aspects. The cross of Church and Paul Kruger Streets with the Central Church surrounded by the 'mandala' are universal aspects which are repeated on Church Square. The enclosure inside the rivers and mountain ranges, filled in by the gridiron street layout, was also the cultural preference at Graaff-Reinet, generally accepted to be the city model for Pretoria. Contextually the city form is a result of the interpretation of a classical landscape, in mountains, valleys, fountains, rivers and 'poorte'. However, recent official plans ride roughshod over these established placemaking aspects. The daydreams of a few city planners may turn out to be the nightmare of a whole city.*





Figuur 1



Figuur 4



Figuur 5



Figuur 6

gelê is, verwys na 'n godsdienstige aspek. Die Kerkgesentreerde samelewing het sy Kerk op die mees prominente plek geplaas nog voor die stad uitgelê was.

Waarom Burgerpark as 'n perfekte vierkant binne-in 'n reghoekige ruitpatroon ontwikkel is kon nie bepaal word nie, maar die tradisie van die kwadrant verdeelde tuin wat die kosmos verteenwoordig is ooglopend.

### 3. STADSBEELD EN STADSMODEL VAN DIE STIGTERS

Die word algemeen aanvaar dat die uitleg van Pretoria gegrond is op dié van Graaff-Reinet. Die stadsorde van Graaff-Reinet is ook 'n ruitstelsel met die Kerk in 'n prominente aksiale verband met die landskap. Selfs die manier waarop die ruit binne die kromming van die Sondagsrivier ingeval is, is baie ooreenstemmend met die van die Apiesrivier. Hierdie uitleg het simbolies sowel as praktiese redes gehad. Die praktiese nl. die gebruik van die rivier as watervoorsiening vir die stad met leivore was goed bekend by die Voortrekkers wat vanaf die Graaff-Reinet omgewing getrek het. (fig.7 en 8) Uit 'n Thomas Baines skildery van 1872 is dit duidelik dat Leeubrug as poort oor die Apiesrivier gedien het selfs voordat die stad tot by die rivier ontwikkel het. Hierdie poort is deur middel van populierbome as stadspoort beklemtoon.

In Pretoria was dit moontlik om die stadsmodel suwerder toe te pas as Graaff-Reinet.


### 4. NATUURLIKE PLEK EN KONTEKS VAN PRETORIA

Pretoria is op 'n klassieke landskap geplaas. Hierdie landskap is deur Norburg-Schultz (1980) beskryf as 'n landskap wat uit gedefinieerde plekke met vallei en bergreeks bestaan wat sterk individuele wêlde vorm. Die nedersettingsvorm is simpatiek met die landskap. Die natuur word toegelaat om langs die stadsorde te bestaan terwyl die nedersettingsgrens deur die landskap gewysig word. Dit is duidelik in Pretoria hoedat die rivier en die poorte die stadsform verder gewysig het.


### 5. DROME EN DADE : 'N TOEKOMSBLIK

Die huidige planne of drome vir Pretoria neem selde van die bogenoemde aspekte in ag. Die voorgestelde 1967-deurpadskema wat onlangs weer herbevestig is vernietig die bestaande ruitstruktur en skep monofunksionele paale wat die straatuitleg en stadsorde grotendeels versnipper. Die riviere as natuurlike grense word oordek en tot stormwaterkanale degrader. (fig.9)


Voorstedelheid wat beslag gekry het teen die periferie van die stad (gekoppel aan die snelweë) is tans besig om ook in die middestad pos te vat. Snelweë word binne die straatstruktur ingeforseer terwyl sogenoemde voetgangerslane, wat as grootskaal winkelsentrums dien, die nuwe model vir die stad vorm. Die unieke arkadestelsel was 'n fyngevin wysiging van die groot ruit was, word grotendeels genigeer. Omdat daar deesdae geglo word dat motors en mense nie dieselfde straat kan gebruik



Figuur 7



Figuur 8



Figuur 9

nie, word snelweé en 'voetgangerslane' as alternatief gestel deur die beplanners.

Skemas soos die Goedehoop herontwikkeling teen die noordweste van Pretoria middstad bestaan uit 'n tipiese Modernistiese toeringsblok uitleg wat introverte publieke ruimtes bevat en die strate in paaië omskep.

Indien ons nie die bogenoemde aspekte (universel, kultureel en kontekstueel) in die verder drome en dade in Pretoria in ag neem nie, sal Pretoria se stadsorde, stadsbeeld en identiteit vernietig word terwyl 'n pleklose stad, gebaseer op vreemde en ingevoerde modelle, die gevolg sal wees.

## BIBLIOGRAFIE

- BRUINETTE, K.E. 1967.  
Deurpadskema 1967.  
Pretoria : Bruinette, Kruger, Stoffberg en Hugo, Raadgevende Ing.
- DEWAR, D. & UYTENBOGAARDT, R. 1977.  
*Housing : A Comparative evaluation of urbanism in Cape Town*.  
Urban problems research units project I.
- HENNING, C.G. 1975.  
Graaff-Reinet, a cultural history 1786-1886.  
Cape and Transvaal Printers, Cape Town.
- MILLS, Stephanie. 1982.  
*Placemaking with cultural values*.  
Harvard School of Design : Urban design example studies.
- MULLER, Werner. 1961.  
*Die Heilige Stadt*.  
W. Kohlhammer Verlag Stuttgart.
- NORBURG-SCHULTZ, C. 1980.  
*Genius Loci - Towards a phenomenology of architecture*.  
London : Academy Books.
- RAPOPORT, A. 1977.  
*Human aspects of urban form*.  
Oxford : Pergamon Press.